

Hlobo ontgin effens ontstellend, ewe plesierig

Melvyn Minnaar

Nicholas Hlobo: Sewing Saw
Stevenson-gallery, Kaapstad

Nie net geslagsgelykheid nie, maar die soms grys, verskuiwende definisie van gender (ja-nee, ons het moeilikheid met dié begrip op Afrikaans) is van die ernstiger koerse wat die talentvolste kunstenaars vandag karteer.

Nicholas Hlobo sou homself nie as aktivis voorhou nie, maar sy kuns plaas hom in die voorste internasionale gestoeltes van dié wat hierdie soms paradoksale ruimtes ontgin.

Die rede is eenvoudig: Hy is 'n meester wat betref die fyn-fyn balans van teatrale beeldhou en die hoogs emosionele en uiteenlopende geladenheid van materiaal en medium.

Vat hierdie jongste, voortreflike uitstalling, slim genaamd *Sewing Saw*. Dit spring weg met die haas "manlike", brutale teenwoordigheid van 'n presisie-saagmasjien ('n ware

breek-en-maak-toestel as daar ooit een was) en eindig met delikate hekelwerk wat stik-stik uit 'n ouderwetse, outentieke Singer-naaimasjien getrek word.

Tussenin staan twee meter hoë werktafels en bankies (waarop by geleentheid teaterspel plaasvind) tussen hangsels, ou stikmasjiene (almal Singers van toentertyd) op die grond en antieke tafeltjies, en oral kronkel stroke materiaal, leer en rubber, handskoene en kuns-hande, in die tipiese serpentyne vorms waarmee Hlobo sy eie legendes verbeeld.

Teen die mure is pragtige werke waarin sy vleg-en-steek-patrone soos 'n visuele doolhof, 'n legkaart, die oog bekoor. Fyn linte verken in presiese kleure die rondtes van die snye: wonde wat toegewerk is, breuke wat haarfyn herstel is. Dit bly mooi, wat ook al die diepere nuanses.

Die werke dra, soos altyd, ietwat misterieuse Xhosa-titels. Dit is asof hy ons soos 'n sangoma uitlok om dieper met elkeen in gesprek te tree.



'n Blik op Nicholas Hlobo se tentoonstelling in die Stevenson-gallery in Woodstock.

In die "saagmasjienwerk" waarin 'n bondel lap en leer en platiëpyp slinger-slinger na 'n ander Singer

krul, ondergaan die forse implement 'n gedaante- (geslags-?) verwisseling met 'n kappie soos 'n ou eenperde-

wa. Die titel is *Intsimbi edlezinye* (vertaal: "Die metaal wat ander verteer"). Dis 'n Xhosa-slagspreuk verwysend na God, maar 'n onseker een – beeldhou as verwikkelde metafoer.

Teenoor hierdie flagrante ruimtelike vertoon is daar byvoorbeeld *Wothini sakukhala isigodlo* ("Wat doen jy as jy die klank van die trompet hoor?") – lieflik enigmaties, wonderlik vermaaklik met sy Bybelse en fantasie-elemente.

Wat Hlobo se kuns so wonderlik maak, is nie net die vernuf nie, maar dat dit so diep persoonlik en kultureel geanker is en tog speels iedereen betrek. Al verstaan jy nie die titels nie, is die voorwerpe, die noukeurige handwerk en ongewone, soms aweregse samestellings, sererebrale speelgoed, effens ontstellend, ewe plesierig.

In 'n era waarin so vele met selfvertroue beoefen wat ons halfkuns kan noem, en dit so maklik deur galerye en veilings opgeklits word, is Hlobo enig, direk en bitter talentvol.

■ Tot 21 Januarie 2017.